



## VERSTAAN die 2020-VERTALING van die Bybel in Afrikaans !

Foto: Michelangelo se beeldhouwerk van Moses met horings is gebaseer op 'n foutiewe vertaling van Eksodus 34:29 in die Latynse Vulgaat. Die Hebraëuse teks lees "die vel van sy gesig was stralend" terwyl die Vulgaat vertaal met "sy gesig het horings gehad".

Wil jy graag meer weet oor die vertalingsmetode agter die Direkte Vertaling van die Bybel in Afrikaans wat in 2020 verskyn?

Die Departement Hebreeus aan die UV het 'n semesterkursus in Moderne Bybelvertaling op derdejaarsvlak ontwikkel om jou nuuskierigheid te bevredig. Enige persoon met minstens Hebreeus 2 kan inskryf, al het jy dit 30 jaar gelede gedoen en al is jou Hebreeus verroes.

Die kursus word virtueel aangebied (ZOOM). Jy kan dus in jou eie studeerkamer voor jou rekenaar sit en deelneem. Jou klasmaats, die dosent en die Powerpoint sal op jou skerm wys. En hulle sal jou en al jou vrae hoor!

Julle gaan praat oor die invloed van nuwe ontdekkings in die grammatika, literatuur en kultuur op die 2020-vertaling, asook die rol wat ideologie hierin speel. Trouens, verskillende vertalings word uit hierdie hoek vergelyk. En nog baie meer. Die kursus is so prakties dat dit vir jou Bybelstudie en preekmateriaal in die hand sal gee.

Koste is ongeveer R5 515.00 (RSA) en R7 625 (ander SADEC-lande)  
Sluitingsdatum vir aansoeke – gedurende Julie 2020.

Jy sal as geleentheidstudent moet registreer, Prof Cynthia Miller-Naudé - [millercl@ufs.ac.za](mailto:millercl@ufs.ac.za) of **071 670 1629**, Departementshoof van Hebreeus, sal jou hiermee help. Kontak haar so gou as moontlik.

'n Volledige inligtingspamflet is beskikbaar by:  
Prof Jacobus Naudé - [naudej@ufs.ac.za](mailto:naudej@ufs.ac.za) of **078 458 9982**.

Tel. +27 51 401 9385 | [www.ufs.ac.za](http://www.ufs.ac.za)

 UFSUV |  UFSweb |  UFSweb |  ufsuv

*Inspiring excellence.  
Transforming lives.*

UNIVERSITY OF THE  
FREE STATE  
UNIVERSITEIT VAN DIE  
VRYSTAAT  
YUNIVESITHI YA  
FREISTATA



UFS  
THE HUMANITIES